

So vra ek Dinsdagaand vir die kindertjies by ons Dinamiet Kiedz Kinderpinkster die volgende vraag: “wat dink julle keer soms dat ons die beheer van ons lewens aan Jesus oorgee....?” Ek persoonlik het nogal gedink dis ‘n moeilike vraag vir daardie ouderdom kind....

Toe slaan een van die dogtertjies (sy is 8 jaar oud) die wind uit my seile toe sy antwoord: “ek dink dit is omdat ons dink ons is nie goed genoeg nie”....

Wat ‘n “profound” stukkie wysheid van só ‘n klein-lyfie wat ons grootmense menigte male onderskat!!! Is dit nie presies soos ons redeneer nie?? Is ek goed genoeg? Jy sien, ons word seker elke dag op een of ander manier gekonfronteer met die vraag of ons goed genoeg is. Eintlik word ons van kleins af groot met die wete dat daar altyd iemand beter is as jy. Dit laat by baie kinders van die Here die vraag of hul ooit vir God goed genoeg kan wees? En vir party mense is dit lankal nie meer net ‘n vraag nie, maar ‘n vrees. Nie goed genoeg vir God nie! En dit is so, ons is nietige, swak en sondige mense wat niks verdien nie! Maar liewe kind van die Here Jesus, dit is nie wie jy **nou** is nie! Jy mag nie vashaak by hoe sleg jy is, hoe swak jy is of hoe onwaardig jy is nie, want tussen jou en jou swakheid; en tussen jou en jou minderwaardigheid staan daar ‘n KRUIS!

Die Here Jesus sê dit self in Johannes 15. “Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy Sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer ondergeskiktes (minderwaardig) nie, want ‘n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende. Ek het julle uitgekies en julle aangestel...”

1 Joh 1:8-9: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

Martin Luther vertel van ‘n droom wat hy gehad het. Hy het gedroom dat die duiwel met ‘n lang lys van sy sonde voor hom kom staan het. Luther het toe aan die duiwel gevra of dit al sy sonde is, waarop die duiwel antwoord “nee”. Luther het die duiwel toe weggestuur en gevra dat hy ‘n lys van al sy sonde moes maak. Toe die duiwel terugkom met ‘n nog langer lys, het Luther gevra of dit nou al sy sonde is. Die duiwel het bevestigend geantwoord. Luther het toe ‘n rooi pen geneem en met groot letters daaroor geskryf: “Die bloed van Jesus Christus reinig my van alle sonde.”

(Bron: <http://www.universitasng.co.za/is-jy-goed-genoeg-psalm-8/>)

Wat ‘n bevrydende gedagte!!!


Dankie klein Jessica dat jy ons grootmense uithelp met ‘n belangrike grootmens-dilemma.....

Dit laat dink my aan Jo Black se liedjie, “Daar's 'n oorlog hier binne my; Dis vir jou wat teen jousef baklei; Ek sê vir jou, jy is goed genoeg; So, bring die hoop weer terug; Jy's die lig in die donker gang; Jy's die baken wat op die heuwel staan; Ek sien die mens wat jy nog kan wees.....

<https://www.youtube.com/watch?v=Vlujt0Q50UM>



NUUSKRUMMELS: 6 Junie 2019



Pinkster 2019:

‘n Groooooot dankie aan elkeen wat Sop en Broodjies gemaak het asook gehelp het met die opwas.

Dit simboliseer die ware betekenis van die viering van Pinkster:

Hand. 2:42&44 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel.

DINAMIET KIEDZ



Hoe sê mens dankie vir 'n groep leiers wat vir 5 dae (6 byeenkomste) lank onverpoosd saamwerk om vir kindertjies die beste tyd van hul lewe te gee en gelyktydig saadjies saai wat nooit sal vergaan nie, omdat die Here dit sal bly natmaak, kompos gee, versorg en laat groei. 🎵🎵 Julle is 'n wenspan ♥

Dankie ook vir elke mamma en pappa wat hul kindertjies gebring het, omdat hulle verstaan hoe belangrik 'n goeie geestelike grondslag is!

Gaan loer asb op ons Facebook Blad na al die asemrowende fotokies. #LIKE ook sommer die blad sodat julle niks mis nie. 🎵

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Bespreek sommer nou al vir jou 'n kaartjie vir hierdie gewilde oggend. Jy wil nie uitmis nie.
Kerkkantoor: 021 853 5991

M.A.G.
(Meisies Agter God)

'n Oggend vol bederf vir elke vrou in jou lewe. Kom 'plug' jouself in God se kragtige teenwoordigheid.

Datum: 14 September 2019
Tyd: 10:00
Plek: Lourensrivier Gemeente, Strand
Koste: R50 p/p
Tema: Waar min krag is, daar is God

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor of kontak Tijane Visser @ 083 287 0954

Lifeline Sondag 9 Junie @ 18:00



Gebruik jou GAWES!

Romeine 12: 7 -8

SINETHEMBA

"Sinethemba vir die kinders" werksbesoek: 22 - 30 Junie 2019

Ons bedank elkeen wat reeds 'n bydrae gegee het vir die aankoop van die materiaal (gordyne, matrasse, duvets & oortreksels, kussings en voorraad vir die herstel van die draad, kaste, deure, loodgieterswerk en elektriese werk) vir Sinethemba. Ons kort nog fondse om alles aan te koop en vra dat indien iemand nog 'n bydrae wil maak, dit in die volgende rekening inbetaal word.

NAAM: VGK DECOLIGNY SALARISFONDS
BANK: ABSA
TAK: STRAND 334-218
NOMMER: 4060646513
VERWYSING: Sinethemba 2019

Ons vra almal wat graag wil saamgaan, om die week daar te gaan werk, op Dinsdag, 11 Junie om 19:00 in die Lourensrivier konsistorie bymekaar kom om die reëlings te finaliseer.

Baie dankie
Willem Botes, 083 658 2154 of 021 854 4620
wgpbotes@gmail.com

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

BERG-EN-SEE KLUB VIR SENIOR BURGERS

Byeenkoms: Donderdag, **13 Junie**

Tyd: 09h30

Plek: NG Moedergemeente, Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat.

ONDERWERP: **Oudhede en die evaluasie daarvan.**

Spreker: Gerrit Swanepoel is wyd bekend vir sy kennis van oudhede.

Lede (en besoekers) word gevra om oudhede saam te bring wat dan deur Gerrit Swanepoel geëvalueer sal word. Hy sal sy kennis deel en ook oor die herstel van porselein gesels. Die bekende voordragkunstenaar, Erna Kruger, tree ook op.

Koste: Besoekers R15 Lede R10

ALMAL WELKOM!

Kontak: Trina van Schalkwyk (021 854 4662 of 084 774 3532)

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

AMETIS AFTREEOORD

Stokperdjie Uitstalling: 20 Junie 2019

09h00 – 17h00 (Sonkamer)

Kom geniet die dag saam met ons inwoners om al die stokperdjies te bewonder.

Geniet ook 'n koppie tee/koffie met ietsie soet @ R1000



JOIN US:

OPEN DAY

08 July 2019 - 8h30 to 11h30
Address: 55 Jennings Street, Strand (Lourensrivier Gemeente)
Any subject at any level!
STEP-BY-STEP high quality tutor service - CAPS Aligned Curriculum

FOUNDATION PHASE	INTERMEDIATE PHASE	SENIOR PHASE
GRADE 1-3	GRADE 4-6	GRADE 7

For more inquiries please call:
067 821 0449 | 062 014 7529
OR email us on info@victorytutorcentre.co.za

Get the boost your children need to achieve academic and personal success

ENROLLMENT OPEN!

KNIEWERK:

✦ Paul Louw (kankerbehandeling)

✦ Bid asseblief dat Pinkster in ons harte, gedagtes en op ons lippe sal wees - elke dag

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SO., 9 JUNIE SE BOODSKAP: HAND 2:1-21 (PINKSTERFEES EN DIE WEEK DAARNA) - KINDERDIENS

Op Pinksterfees vier ons die geboorte van die kerk. Tot nou toe was Jesus se volgelinge 'n onseker en bangerige, oorversigtige groep. Wanneer hulle met die Heilige Gees vervul word, word die kerk lanseer!

Die koms van die Heilige Gees bemagtig die kerk op maniere wat nie voorheen vir God se hele volk beskikbaar was nie. Pinksterfees herinner ons aan die oneindige krag wat God vir die taak van die kerk voorsien: die Heilige Gees. Ons lewe as dissipels vertoon maar middelmatig wanneer ons die werklikheid van die derde Persoon in die Drie-eenheid wat in ons leef en werk onderskat.

Hierdie teks het 'n kragtige boodskap vir ons vandag.

Eerstens was die dissipels gewone, gebroke mense soos ons. Nie een van hulle was besonders nie. Dit is 'n bang klompie mense wat biddend wag op die bemagtiging van die Heilige Gees.

Pinkster beklemtoon dat niks uit ons eie krag gebeur nie. God bereik God se doelwitte deur ons, nie omdat ons so sterk is nie, maar omdat God SY krag deur ons betoon.



Daar is geen groter krag as die krag van die Heilige Gees in die universum nie. Daardie krag werk deur ons, maak ons getuies. Bewerk heling en versoening deur ons, en plaas God se skepping onherroepelik in 'n wentelbaan wat uitloop op die volledige koms van God se koninkryk.

Henrico and Anja sing Hart Wat Brand

https://www.youtube.com/watch?v=z_-sBkZ9z0g

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE